## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VIRTUELE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 14 JUNIE 2021 OM 11:00 VANAF PIKETBERG

### TEENWOORDIG:

### LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

### ANDER RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdd. R de Vries | [DA] | : | Speaker |

### AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. J Sass | : | Direkteur Finansiële Dienste (waarnemend) |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. C Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

| | |
|---|---|
| | **AKSIE** |
| **BKN001/06/2021**<br>**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**<br><br>Die Senior Tikster open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom by die vergadering.<br><br>Hy wens almal sterkte toe wat die COVID-19 virus opgedoen het en tans tuis aansterk.<br><br>*** | |
| **BKN002/06/2021**<br>**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**<br>**3/3/1/4**<br><br>Raadslid Daniels – siekverlof<br>Direkteur Finansiële Dienste – vakansieverlof<br>Bestuurder: Strategiese Dienste – siekverlof<br>Interne Ouditeur – vakansieverlof<br><br>*** | |
| **BKN003/06/2021**<br>**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**<br>**3/3/1/6**<br><br>Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.<br><br>Raadslid Wessels verklaar sy persoonlike belang, met betrekking tot ***BKA015***.<br><br>Raadslid Du Plooy en die Direkteur Korporatiewe Dienste verklaar hul persoonlike belange, met betrekking tot ***BKA024***.<br><br>*** | |
| **BKN004/06/2021**<br>**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DONDERDAG 13 MEI 2021</u>**<br>**3/3/2/2**<br><br>Die Voorsitter hou die notule voor vir goedkeuring.<br><br>**<u>BESLUIT</u>**<br><br>Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Donderdag 13 Mei 2021, bekragtig word.<br><br>*** | ***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)*** |

**BKN005/06/2021**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DONDERDAG 13 MEI 2021**
***(Die verslag, soos apart elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Voorsitter hou die Implementeringsverslag voor vir kennisname.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Donderdag 13 Mei 2021.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN006/06/2021**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/06/2021**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/06/2021**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

1. Dat Raadslid Van Wyk vandag verjaar; en
2. Dat mnr. T Booys, 'n wykskomiteelid van wyk 4 oorlede is en op Saterdag 12 Junie 2021 ter ruste gelê is.

Hy bedank alle Raadslede, Direksie en amptenare vir goeie diens gelewer by Bergrivier Munisipaliteit en versoek dat hierdie goeie diens so voortgesit word.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die uitkoms / uitslag van die Scholtz-saak;
2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat die Noordhoek Biblioteek se opening geskeduleer is vir Maandag 28 Junie 2021; en
3. Dat die "Active Box", Piketberg se opening aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gekommunikeer word, sodra dit deur Provinsie bevestig is.

***

**BKN009/06/2021**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/06/2021**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/06/2021**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: GROEPLEWENSVERSEKERING**

Die Voorsitter lei die item kortliks in, waarna die Munisipale Bestuurder addisionele inligting gee oor die item onder bespreking.

**BESLUIT**

Dat die item oorgedra word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 22 Junie 2021.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN012/06/2021**
**SHAMAR TRUST: VERLENGING VAN HUURKONTRAK, KERKSTRAAT 5, PIKETBERG**

Raadsdame Crafford lei die item kortliks in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die verlenging van die bestaande huurooreenkoms vir ‘n verdere Tydperk vanaf 01 September 2021 tot 31 Julie 2028, met Shamar Trust vir die huur van die gebou te Kerkstraat 5, Piketberg teen vaste jaarlikse eskalasie van 5.5%, goedgekeur word; en
2. Dat die Munisipale Bestuurder en Shamar Trust ‘n addendum tot die bestaande huurooreenkoms teken met betrekking tot die goedgekeurde vaste eskalasie van 5.5% per jaar.

***

**BKN013/06/2021**
**BY-LAW RELATING TO THE CONTROL OF VESSELS AND BOATING ACTIVITIES ON THE BERG RIVER ESTUARY**
**17/12/8**

Raadsdame Crafford lei die item met ‘n kort samevatting in.

**RECOMMENDATIONS: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That the content of the report be noted; and
2. That Council take note of the intended revision and that external organizations will be consulted during the revision.

***

**BKN014/06/2021**
**HERSIENING VAN DIE VERORDENING INSAKE OORLASTE EN OORLASTE IN VERBAND MET DIE AANHOU VAN DIERE**
**17/10/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die hersiende Verordening insake oorlaste en oorlaste in verband met die aanhou van diere, goedkeur.

***

***(Die Uitvoerende Burgemeester bevestig dat kennis geneem word dat Raadslid Wessels 'n persoonlike belang het by BKN015 en dat hy nie mag deelneem aan die bespreking van voorgenoemde item nie)***

**BKN015/06/2021**
**AFSKRYF VAN UITSTAANDE VERKEERSBOETES**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad die uitstaande verkeersboetes as swak skuld afskryf; en
2. Dat die verkeersboetes van Raadslede en Amptenare van Bergrivier Munisipaliteit nie afgeskryf word nie en dat hierdie boetes teen einde Junie 2021 vereffen moet wees.

***

**BKN016/06/2021**
**APPROVAL OF LEASE AGREEMENTS WITH SPORT CODES**
**17/7/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in.

Die Direkteur Gemeenskapsdienste meld aan die vergadering dat 'n gewysigde verslag aan die Raad voorgelê sal word, soos geskeduleer vir Dinsdag 22 Junie 2021.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the lease agreements be acknowledge; and
2. That Council approve the proposed annual lease amount of R1200 for Bergrivier Golf Club and Porterville Golf Club and R100 for Velddrif Bowls Club with an annual escalation of 5%.

***

**BKN017/06/2021**
**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT GEÏNTEGREERDE AFVALBESTUUR VERORDENINGE: 2021**
**16/6/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die gewysigde Bergrivier Munisipaliteit Geïntegreerde Afvalbestuur Verordeninge: 2021 goedkeur.

***

**BKN018/06/2021**
**DEPARTMENT OF WATER AND SANITATION (DWS) / BERGRIVIER MUNICIPALITY (USER): BERG-RIVIER-VOËLVLEI AUGMENTATION SCHEME (BRVAS) - WATER SUPPLY AGREEMENT**
**9/1/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item breedvoerig in.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the report be noted;
2. That Council hereby approves the Department Of Water And Sanitation (DWS) / Bergrivier Municipality (User): Berg-Rivier-Voëlvlei Augmentation Scheme (BRVAS) - Water Supply Agreement; and
3. That the "Municipal Manager" / "Accounting Officer" hereby authorized and mandated to sign the Agreement on its behalf, and to sign and / or dispatch all documents and notices to be signed and / or dispatched by it or in connection with the Agreement.

***

**BKN019/06/2021**
**VERSLAG AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE (UBK) EN RAAD: OORWEGING VAN VOLLE EN FINALE SKIKKING TEN OPSIGTE VAN ERF 1259, 08 BOKBAAISTRAAT, PIKETBERG**
**9/1/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die versoek, met betrekking tot die Oorweging van volle en finale skikking deur die oortreder, ten opsigte van Erf 1259, 08 Bokbaaistraat, Piketberg, goedkeur.

***

**BKN020/06/2021**
**VERSLAG AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE (UBK) EN RAAD: OORWEGING VAN VOLLE EN FINALE SKIKKING TEN OPSIGTE VAN ERF 1263, 16 BOKBAAISTRAAT, PIKETBERG**
**9/1/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad 'n korting van 50% toestaan op die addisionele heffing; en

2. Dat hierdie korting toegestaan word as 'n uitsluitlike diskresie van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gegrond op die spesifieke omstandighede in hierdie geval en dat dit geen precedent sal vestig in toekomstige gevalle nie.

***

**BKN021/06/2021**
**WYSIGING VAN OPLEIDING- EN ONTWIKKELINGSBELEID**
**4/4/B**

Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

1. Dat die voorgestelde Opleiding- en Ontwikkelingsbeleid goedgekeur word; en

2. Dat hierdie beleid in werking tree vanaf die eerste dag van die kalendermaand wat volg na goedkeuring.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN022/06/2021**
**PRIVAATWERK EN VERKLARING VAN BELANGE BELEID**
**4/2/B**

Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

1. Dat die voorgestelde Privaatwerk en Verklaring van Belange Beleid goedgekeur word; en

2. Dat hierdie beleid in werking tree vanaf die eerste dag van die kalendermaand wat volg na goedkeuring.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN023/06/2021**
**GOEDKEURING VAN DIE INDIENSNEMINGS- EN TYDELIKE WERKER INDIENSNEMINGSBELEID**
**4/3/B**

Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

Die Uitvoerende Burgemeester stel voor dat die *"cooling-off" period*" van 12 maande moet wysig na 3 maande. Die Munisipale Bestuurder noem dat die tydperk wel so gewysig kan word.

*Die onderstaande wysigings word aangebring* by paragraaf 6.9 in die Tydelike Werker Indiensnemingsbeleid wat soos volg sal lees:

*"6.9 A "cooling-off" period of **3 months** will be valid for all temporary employment contracts of three months or less. A person appointed for three months or less can only be temporarily employed again after a period of three months after the end date of his/her previous temporary contract. **The "cooling-off" period not be abused for work of repetitive nature."***

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

Die Voorsitter bedank die Menslike Hulpbrondienste-afdeling vir die goeie

werk gedoen, met betrekking tot die hersiening van die Indiensnemings- en Tydelike Werker Indiensnemingsbeleid.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

**BESLUIT**

1. Dat die gewysigde Indiensnemings- en Tydelike Werker Indiensnemingsbeleid goedgekeur word; en

2. Dat hierdie beleide in werking tree vanaf die eerste dag van die kalendermaand wat volg na goedkeuring.

***

***(Die Uitvoerende Burgemeester bevestig dat kennis geneem word dat Raadslid Du Plooy en Direkteur Korporatiewe Dienste persoonlike belange het by BKN024 en dat hulle nie mag deelneem aan die bespreking van voorgenoemde item nie)***

**BKN024/06/2021**
**EKSTERNE STUDIEBEURSGELEENTHEDE (PROVINSIALE TESOURIE)**
**4/4/3/1**

Die Voorsitter lei die item in. Die Munisipale Bestuurder gee addisionele inligting tot die item onder bespreking.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

**BESLUIT**

1. Dat die Munisipale Bestuurder die Menslike Hulpbronbeampte: Opleiding en Ontwikkeling versoek om toestemming by Provinsiale Tesourie te verkry om die uitstaande geld in hierdie boekjaar te kan gebruik vir kandidate wat kwalifiseer vir ander munisipale rigtings in ons gebied; en

2. Dat die item terugverwys word na die Formele Direksie vir bespreking en oorweging, sodra toestemming van Provinsiale Tesourie ontvang is.

***

**BKN025/06/2021**
**INFORMASIE KOMMUNIKASIE TEGNOLOGIE STRATEGIESE PLAN 2021 – 2026**
**6/2/2/2**

Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE (waarnemend)***

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die IKT Strategiese plan ondersteun en goedkeur;

2. Dat die implementering van die inisiatiewe onderhewig is aan goedgekeurde begrotings;

3. Dat die IKT Strategiese plan jaarliks hersien en aangepas word soos nodig; en

4. Dat die Hoof: IKT gedurende die 2021/2022 finansiële boekjaar ‘n tender proses afhandel vir die implementering van ‘n Enterprise Resource Planning (ERP) stelsel vanaf 01 Julie 2022.

***

**BKN026/06/2021**
**ICT DISASTER RECOVERY POLICY: ICT BACKUP POLICY**
**6/2/2/2**

Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die "ICT Disaster Recovery Policy" en die "Backup Policy" goedkeur;
2. Dat die "ICT Risk & Impact, Analysis, ICT DR Plan, Architecture en ICT en DR Test Guide" gedurende die 2021/2022 finansiële jaar ontwikkel en implementeer word;
3. Dat die "Disaster Recovery Policy" die bestaande "Backup Policy" soos goedgekeur in Junie 2012 vervang;
4. Dat die "ICT Data Backup en Recovery Policy" die bestaande "Backup Policy" soos goedgekeur in Junie 2012 vervang; en
5. Dat 'n gedeelte van die gebou by die Piketberg Watersuiweringswerke gebruik word om in te rig as die "ICT Disaster Recovery Site".

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE (waarnemend)***

***

**BKN027/06/2021**
**DRAFT CLIENT SERVICES CHARTER**
**6/2/2/2**

Raadsdame Crafford lei die item kortliks in, waarna die Direkteur Korporatiewe Dienste addisionele inligting gee oor die item onder bespreking.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die "Draft Client Services Charter" goedgekeur.

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE (waarnemend)***

***

**BKN028/06/2021**
**DRAFT INFRASTRUCTURE GROWTH PLAN, INCLUSIVE OF A WATER AUGMENTATION PLAN**
**9/1/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die "Draft Infrastructure Growth Plan, Inclusive of a Water Augmentation Plan".

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN029/06/2021**
**VASTE AFVALBESTUUR**
**16/6/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die moontlikheid ondersoek

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

dat die verskillende wyksraadslede en wykskomitees die wyke identifiseer en of die uitdeel van die groen en herwinningsakke beskikbaar gestel moet word by die Munisipale kantore op Velddrif; en

2. Dat genoegsame tyd gegun word om dit te kommunikeer aan die publiek ten einde die inisiatief vanaf 01 Julie 2021 te implementeer.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN030/06/2021**
**MAANDVERSLAG: VELDDRIF: APRIL 2021**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die moontlikheid bespreek om die Wetstoepassingsbeamptes te gebruik om meer sigbaar te wees in die buurte en stortingsterreine en daadwerklik op te tree teen lede van die publiek wat hul skuldig maak aan onwettige storting.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN031/06/2021**
**ELEKTRIES OORTYD GEWERK**
**9/1/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die uitdagings wat die Elektriese afdeling ervaar;

2. Dat 'n bewusmaking kennisgewing aan die publiek versprei word ter verduideliking van die proses en vir watter tipe klagtes die munisipaliteit uitgeroep kan word ten opsigte van elektriese meters;

3. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring gee dat die tarief ten opsigte van privaat klagtes van elektriese meters geïmplementeer word; en

4. Dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n opvolg verslag by die Staande Komitee van Tegniese Dienste voorlê vir oorweging en aanbeveel aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir bespreking.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN032/06/2021**
**STANDARD OPERATING PROCEDURES (SOP`S)**
**9/1/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item kortliks in.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee notes the various Standard Operating Procedures (S.O.P's).

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN033/06/2021**
**RAMPBESTUUR GEBEURLIKHEIDSPLAN: WINTER PREPAREDNESS PLAN**
**17/11/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Rampbestuur gebeurlikheidsplan: "Winter Preparedness Plan".

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN034/06/2021**
**VERKEERSDIENSTE OPERASIONELE VERANDERINGE**
**2/2/4**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die inisiatiewe ondersteun vir implementering vanaf Vrydag 01 Julie 2021.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN035/06/2021**
**PROPOSAL FOR THE ESTABLISHMENT OF A FLOW TRAIL WITH SKILLS FEATURES & A TODDLER TRACK IN PIKETBERG**
**17/7/1**

The Head: Sport Development gave a brief background to the item under discussion.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee acknowledge and approve the proposal for the establishment of the flow trail and that Community Facilities will make provision in their budget for landscaping, which will be phased out over 3 – 5 years.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN036/06/2021**
**BTO BEMARKING IN GOEDVERWACHT EN MOTIVERING VIR ANDER FONDSE**
**12/2/3/42**
***(Die verslag, soos elektronies versprei word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die inhoud van die verslag.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN037/06/2021**
**WAARNEMINGSROOSTER 2021/2022**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Waarnemingsrooster 2021/2022 goedkeur.

***

**BKN038/06/2021**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN039/06/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die vergadering gaan IN-KOMITEE voort. Die Direkteur Tegniese Dienste, Direkteur Gemeenskapsdienste, Hoof: Sportontwikkeling en die Senior Tikster verlaat die vergadering.***

**BKN040/06/2021**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN041/06/2021**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN042/06/2021**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN043/06/2021**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:58***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________                    ___________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***

***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***